

DIE KERKLIKE LEWE VAN DIE AFRIKANERS  
IN  
ARGENTINIË 1903 - 1915

Verhandeling ingehandig  
deur

FRANS ROELF PETRUS DE BRUYN  
B.A. Th.B.

Om aan 'n deel van die vereiste ter verkryging  
van die graad

THEOLOGIAE MAGISTER

aan die P.U. vir C.H.O. te voldoen.

KLERKSDORP.  
OKTOBER 1974.

## INHOUD

WOORD VOORAF .....	vi
HOOFSTUK 1 : DIE TREKKE NA ARGENTINIË .....	1
1. Die aanleidende oorsake tot die Trekke .....	1
1.1. Die Trek van 1902 .....	5
1.2. Die Trek van 1903 .....	9
1.2.1. Die Boere mislei .....	14
1.3. Die Trek van 1905 .....	19
1.3.1. M.M. Venter een van die Leiers .....	20
1.3.2. Ds. L.P. Vorster se aandeel .....	23
1.3.3. Verbitterd .....	25
1.3.4. Van waar het hulle gekom	26
1.3.5. Ook Engelse-Afrikaners	26
1.3.6. Ook Kerklike beweegredes?	28
1.3.6.1. Die heer Tjaart van der Walt .....	30
2. Die houding van die Afrikaanse Kerke teenoor die Trekke .....	32
2.1. Die N.G. Kerk van die Kaapkolonie .....	32
2.2. Ds. L.P. Vorster .....	35
2.3. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika .....	38
HOOFSTUK 2 : „DIE GEMEENTE CHUBUT“ .....	40
1. Die stigting van die Gemeente ....	40
1.1. Die stigting op 13 Sep- tember 1903 .....	41
1.2. Ds. Vorster se posisie	43
2. Werksaamhede van die Kerkraad ....	50

Vervolg.

HOOFSTUK 3 : DIE MOEDERKERK REIK DIE HAND VAN HULP	53
1. Pogings aangewend om bediening te verkry .....	53
1.1. Pogings van die Redakteur van Die Kerkbode .....	56
1.1.1. Nie te vergeefs .....	60
2. Die Sending van ds. A.J. Jacobs ..	61
2.1. Proponent Jacobs georden	63
2.1.1. Die rede .....	63
2.2. Sy opdrag .....	64
2.3. Ds. Jacobs vertrek .....	64
2.3.1. Aankoms in Buenos Aires ..	65
2.4. Ds. Jacobs vertrek na Comodoro Rivadavia .....	68
2.4.1. D. Bresler en sy Kolonie	68
2.4.2. Die dominee vertrek .....	70
2.4.3. Ds. Jacobs doen huisbesoek in die Kolonie .....	76
2.4.4. Ds. Jacobs doop 'n kindjie	78
2.4.5. Ds. Jacobs se ontmoeting met Lombaard .....	80
2.4.6. Tussen San Martin en Comodoro Rivadavia - ds. Jacobs te perd.....	82
2.4.7. Die Sinode van die N.G. Kerk in Suid-Afrika .....	83
3. Die Stigting van die "Gemeente Kolonia Boera" .....	84
3.1.) 'n Gemeentevergadering word opgeroep .....	87
3.2.) Die stigting 'n misgissing?	
3.3.) Die posisie van die Gereformeerdes .....	96

Vervolg.

4.	Ds. Jacobs pak sy werk in die Gemeente aan .....	98
4.1.	Die gemeente georganiseer .....	99
4.2.	Ds. Jacobs reis te perd	101
4.3.	Hoe groot was die Gemeente .....	102
4.4.	Met vele opofferings ..	103
4.5.	Net een Erediens .....	106
4.6.	Finansies .....	107
4.7.	Sondagskole .....	108
4.8.	Ook ander sake .....	112
5.	Ds. Jacobs en die Onderwys .....	113
5.1.	Van die staanspoor af	114
5.2.	In Comodoro Rivadavia	117
5.3.	'n Afwaartse neiging ...	118
6.	Ds. Jacobs en die Kerkbou-kwessie	121
6.1.	'n Kerkgebou moet opgerig word! .....	123
6.1.1.	Waar? .....	124
6.1.2.	Probleme duik op .....	128
6.2.	Ds. Jacobs tree eie-magtig op .....	129
6.3.	'n Nuwe wending .....	133
6.4.	Van waar die nuwe houding? .....	137
6.5.	In 'n doodloop straat ..	140
7.	Ds. Jacobs stuit voor probleme ..	147
7.1.	Die verdeeldheid op godsdienstige gebied ..	148
7.2.	Ds. Jacobs se huisvesting .....	150
7.3.	Ds. Jacobs se vervoer	152

Vervolg.

7.4.	Minagting en hooghartige optrede .....	156
7.5.	Ds. Jacobs se finansiële versorging .....	158
7.6.	Ds. Jacobs aangekla .....	160
8.	Ds. Jacobs word teruggeroep en die werk word deur die N.G. Kerk gestaak .....	164
8.1.	Ds. Jacobs onvergenoegd .....	165
8.1.1.	Die Kerkgebou misluk .....	165
8.1.2.	Behoeftte aan Kollegiale kontak .....	166
8.1.3.	Te veel vir sy kragte ...	167
8.1.4.	'n Prakties onmoontlike taak .....	167
8.2.	Ds. Jacobs versoek om teruggeroep te word .....	169
8.3.	Die werk word gestaak ...	170
8.3.1.	Die ware feite .....	171
8.3.2.	'n Gebrek aan fondse .....	172
8.3.3.	Kritiek ontlok .....	173
8.4.	'n Moontlike verklaring ..	178
8.5.	Samevattende gedagtes ...	182
HOOFSTUK 4 : DIE GEREFORMEERDES IN PATAGONIË .....		185
1.	Die Gereformeerdes en die Kolonia Boera Gemeente .....	189
1.1.	Die wêreld van die Gereformeerdes en Ned. Gereformeerdes gaan uiteen .....	189
1.2.	Waarom uiteen? .....	194
2.	Die Gereformeerdes en ds. Jacobs .....	197
2.1.	Twee wêreldes .....	199
2.2.	Kerklike imperialisme ...	203
2.3.	Reaksie in Suid-Afrika ontlok .....	205

Vervolg.

3.	Pogings tot eie organisasie .....	207
3.1.	Die Gereformeerdes nader ds. Hamersma om te kom ..	207
3.2.	Ds. Hamersma weer gevra	209
3.3.	Dr. van Lonkhuijzen ook na Chubut? .....	209
3.3.1.	Uitnodiging tot kerklike eenheid .....	212
3.4.	'n Nuwe gedagte .....	213
3.5.	Die Gereformeerde Kerk Chubut gefinstitueer .....	216
4.	Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerdes in Argentinië .....	219
HOOFSTUK 5 : SAMEWERKING TUSSEN DIE GEREFORMEERDE- EN N.G. KERK IN ARGENTINIË .....		224
1.	Die Gereformeerdes gaan voort op die ingeslane weg .....	224
1.1.	Ds. Antonie Cornelis Sonneveldt - Wie was hy? .....	224
1.2.	Die N.G. Kerk „ingekom by“	228
1.3.	Sy eerste besoek .....	230
1.4.	Dit lei tot samewerking ..	231
1.5.	Sy tweede besoek - 1914 ..	234
1.6.	Ds. Sonneveldt beroep ....	235
1.7.	Die regte perspektief ....	239
2.	Samevattende oorsig .....	241
BYLAES .....		243
BRONNE .....		247

## WOORD VOORAF

Nêrens anders in my lewe het ek die hand van die Here so duidelik bemerk soos in die studie wat ek onderneem het nie.

In 1969 het ek 'n beroep na die Gereformeerde gemeente Zastron in die Suidoos-Vrystaat aanvaar. Op daardie stadium het die gemeente bestaan uit 99 belydende lidmate, versprei oor 6 distrikte. Spoedig na my intrek in die nuwe gemeente het daar 'n daling in die lidmatal voorgekom sodat die voortbestaan van die gemeente in gedrang gekom het. En so het ek na een jaar en vier maande se bearbeiding aldaar weer van Zastron vertrek. Maar daar moes ek in aanraking kom met die gesin Olivier wat in 1948 uit Argentinië na Suid-Afrika teruggekeer het.

Op hierdie stadium was ek reeds besig met nagraadse studie met kerkgeskiedenis as hoofvak. Ek moes 'n onderwerp vind waaroor ek 'n verhandeling moes skryf. Dit was hier in Zastron, rondom die „asados" wat ek saam met die gesin geniet het, wat dit my te binne geskiet het: „Maar wat van die kerkgeskiedenis van die Afrikaners in Argentinië? Dit is 'n terrein wat nog nooit vantevore deur iemand gedek is nie".

My opgewondenheid was groot. Dit was soos die ontdekking van 'n ryk diamantmyn, en sonder veel inspanning kon ek reeds die een na die ander diamant na buite bring waarin die volmaaktheid van God se raad ook t.o.v. Sy kerk in Argentinië geblyk het.

Dit was vir my 'n uitgemaakte saak: die myn moet ten volle ontgin word. Met hierdie studie beoog ek dan ook slegs die „oopmaak" van die myn. Dit is dan ook my innigste wens en bede om D.V. steeds met die ontginning van dié myn voort te gaan.

Om dit te kan doen moes ek na Argentinië! En nou is daar baie persone sonder wie se hulp, advies en leiding hierdie studie, menslik gesproke nie voltooï kon word nie:

In die eerste plek wil ek die naam noem van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, van wie ek 'n ad hoc toekenning ontvang het. Hierdeur het dit vir my moontlik geword om Argentinië te besoek. Die nodige studiemateriaal kon langs hierdie weg bekom word, asook die milieus waarteen hierdie kerkgeskiedenis afgespeel het.

Vervolgens wil ek my besondere dank betuig teenoor die gesin Sonneveldt in Buenos Aires, vir hulle toegeneë hulpvaardigheid en die feit dat hulle soveel kosbare dokumente aan my afgestaan het vir gebruik. In die besonder wil ek mnr. Ari Sonneveldt bedank vir al sy reëlings wat my verblyf in Buenos Aires so vergemaklik het.

Dan wil ek ook die naam noem van mev. Sidney Rooy in Buenos Aires aan wie ek besondere dank verskuldig is. Ek het ook van haar kostelike studiemateriaal en inligting ontvang.

Aan mnr. en mev. Tjaart Henning van Diadema, Chubut, wil ek ewe-eens my hartlike dank betuig. Die Hennings het dit vir my moontlik gemaak om vrylik onder die Boere in



Chubut rond te beweeg. Ook vir hulle geduld waarmee hulle die een na die ander vraag deur my beantwoord het, my hartlike dank.

Teenoor soveel ander Argentynse Afrikaners is ek dank verskuldig dat die ruimte hier ontbreek om almal se name te noem en volstaan ek dus met 'n algemene dankbetuiging.

Ook aan Prof. dr. D.W. Kruger van wie ek waardevolle studieinligting ontvang het en wat met belangstelling die studie gevolg het, my hartlike dank.

Aan die twee dames mev. I. Sorgdrager wat gehelp het met die taalkundige versorging en mev. Susan du Plessis wat die tikwerk gedoen het, betuig ek hiermee my hartlike dank.

Valeria en ons kinders se opoffering en meelewing was ook steeds vir my 'n bron van aanmoediging en inspirasie.

Hierdie studie kon egter nie voltooi word sonder die bekwame leiding wat ek van Prof. dr. G.C.P. van der Vyver ontvang het nie. As leier was hy ten alle tye bereid om my met raad en advies te bedien. Hiervoor sal ek hom altyd dankbaar bly. Sy entoesiasme t.o.v. my studieveld was vir my steeds tot inspirasie.

Bo alles my dank aan ons hemelse Vader sonder wie se hulp en bystand ek tot niks in staat sou wees nie!

F.R.P. de Bruyn.

KLERKSDORP.  
Oktober 1974.